### *Hebram toon die foute in Risa se gedagtegang aan*

**63** **Hebram** sê: "Vriend, die verstandelike wyse waarop jy die geheel nou voorgestel het, het ek al dikwels gehoor. Maar in ons geval gaan dit nie op nie, want hier bevind hom iemand wat méér is as `n gewone, in alle Persiese en Egiptiese toorkunste bedrewe towenaar!

[2] Dink maar net eers aan wat Mathael gesê het en aan die dade, lesse en woorde van die groot Meester self, dan moet dit wel vir jou duidelik word dat jy met al jou so gesond lykende verstand op die verkeerde spoor is!

[3] Ek is ook wel `n bietjie tuis in die toorkuns, en ek ken die verskillende soorte Persiese en Egiptiese magie, maar die dinge wat al alles hier gedoen is en al die lesse wat ons hier gehoor het, toon duidelik aan dat daar `n hoëre oorsprong moet wees as wat ons onsself nou kan voorstel.

[4] Die jongman daar by die twaalf het voor ons oë `n klip op die tafel in stof verander, die stof weer teruggebring tot die oorspronklike klip en dit daarna heeltemal laat verdwyn. En, vriend, toe jy gesien het dat hy sopas ook van `n klip brood gemaak het, daarna `n vis opgeroep het wat jy nog kon bekyk en uiteindelik nog `n volledige donkie met alles daarop en daaraan te voorskyn gebring het, was daardie verskynsels van `n heeltemal ander aard as die smaaklose en niksseggende wondertjies wat ons by `n paar Persiese towenaars in Damaskus gesien het! Wie dáár enigiets verder as één plus één kon tel, kon die bedrog maklik opgemerk het en die regte verklaring vind. Wie weet egter of daar `n ander verklaring daarvoor te vinde is as wat Mathael ons gegee het oor die uitsluitende mag en krag van die oorspronklike lewe in en uit Elohim?!

[5] Jy is daarom heeltemal verkeerd as jy dit wat hier is, in die kategorie van miserabele bedrog byeenbring, soos wat jy ook heeltemal verkeerd is daarmee as jy Moses en alle ander profete onder dieselfde kategorie bring, want Mathael het ons tog duidelik genoeg aangetoon wat daar skuil agter die groot bevryder van ons volk van die harde juk van die Egiptenare.

[6] Moses was `n so buitengewoon groot gees vir Elohim en die mense, dat daar op hierdie aarde tot op hede niks groters was nie. Maar hier, vriend, sit in die gedaante van `n mens die Een vir wie se heilige aangesig die grote Moses sy gesig bedek het. Daarom is dit uiters dom van jou om hier oor Hom te praat soos oor `n natuurlike mens!

[7] Tel die gaste eers wat hier driemaal per dag gevoed word met die beste en voortreflikste, graatlose visse, met brood, wyn en allerlei vrugte, met heuning, melk, kaas en botter! Bedink tewens daarby dat ons gasheer in feite eerder `n arm as `n welgestelde mens is! Hy besit ongeveer 170 are, met weinig landerye en dit is nog, so gesien, baie klipperig. Die visse lewer nog die meeste op, maar wat tel dit by soveel gaste? Dit is nou bymekaar getel so vierhonderd man en almal is heeltemal versadig. Daarby kom nog die talle lasdiere van die Romeine en Grieke en geeneen daarvan kom maar iets te kort nie. Maar gaan kyk eers in die voorraadkamer van ons gasheer, dan sal jy dit volgestop vind van allerlei vrugte en met `n groot hoeveelheid van die beste brood, en die diep rotskelder bevat soveel wyn dat ons dit in jare nie sou kon opdrink nie, ook al sou ons hóéveel daarvan drink! Vra dan eers aan die eerlike en waarheidsliewende gasheer hoe hy aan dit alles gekom het, dan sal hy slegs antwoord: 'Slegs deur wonders sonder weerga van die groot Verlosser uit Nasaret!'

[8] As dit nou so is, wie kan dan nog op die gedagte kom om te beweer dat dit alles bedrog is wat die magtiges van die aarde êrens uitgebroei het om daarmee die blinde en dom volksmassa vir die gek te hou en hulle onderdaniger en skatpligtiger te maak?! Ek sê vir jou: Hier is méér as wat die verstand van alle wyses op aarde ooit kan bevat. Hier heers Elohim se Krag, soos wat Hy reeds so nou en dan op aarde geheers het en ook verder sal heers! Ook al verstaan jou, wat jy gesond noem, verstand dit nie, dan is dit tog so soos wat ek dit nou vir jou gesê het. Maar gaan, en oortuig jouself van alles en sê dan of daar natuurlike dinge gebeur!"

[9] **Risa** sê: "Ja, ja, in daardie geval moet ek natuurlik wel baie van my beweringe terugtrek en ek sal ook nie twis oor die goddelike waarde van Moses en die ander profete nie, maar tog bly dit dan nog regop staan dat geen enkele leer uiteindelik, ook al het dit hoe `n goddelike oorsprong, sy suiwerheid ook maar vir `n paar eeue sal bewaar nie!

[10] Toe Moses nog op die berg was en die voorskrifte van JaHWeH daar gehoor het, het die volk in die dal rondom `n goue kalf gedans. En hoe verander die voorkoms van die leer van Moses nie toe koning Saul in die plek van die rigters kom nie, en hoe anders begin dit nie daaruit te sien onder Dawid, en nog anders onder Salomo en sy opvolgers nie?!

[11] Altyd val daar iets suiwers en goddeliks weg en daarvoor kom daar wêreldse, menslike voorskrifte in hulle plek, sodat die enigste wat werklik vir ons behoue gebly het, tans net bestaan uit die name, maar verder het alles van Moses so goed as verdwyn. Slegs dit wat die tempeldienaars nog `n sekere goddelike stralekrans gee, het gebly. Die strafregtelike het die mense in stand gehou, om daardeur uit hoofde van `n as te ware deur Elohim gemagtigde beterwetery, die mense op duiwelse wyse te kan kwel. Maar die eintlike goddelike is lankal volledig uitgeban. Ter wille van die tien gebooie van Elohim laat mense vir hulleself geen grysharige boetekleed meer maak nie. Egbreuk by mense van aansien, die baie rykes, vind nog wel waardering omdat sulke mense hulle met baie geld moet vrykoop van die steniging. Hulle kry dan maar net die sogenaamde vervloekte water te drinke, waarvan hul buik egter nie bars nie, want daardie soort sondaars is vir die talle behoeftes van die tempel nog meermale goed te gebruik! As die hoë dienaars van die tempel daarenteen egbreuk

begaan, kraai geen haan ooit daarna nie; slegs as `n arme duiwel egbreuk sou begaan, dan word hy natuurlik na behore gestenig.

[12] Nou lees ons egter met watter ongehoorde inset van goddelike mag en krag die tien gebooie, onder bliksem en donder wat die eindes van die aarde laat bewe het, deur Elohim gegee is en hoe die verskriklike, goddelike erns gedurende enige eeue nog meermale op allerlei plekke opgetree het. Hoe dikwels is hierdie volk nie volgens die geskrifte van die groot en klein profete deur Elohim gewaarsku nie! Maar het dit vir hierdie tyd van ons enige nut gehad? Hoe dit nou met ons daar staan, weet ons, en meer hoef ek jou nie te vertel nie! Helaas, as daar `n hel bestaan, dan kan dit onmoontlik nie nog slegter daar uitsien nie!

[13] Maar as openbarings, wat as suiwer goddelik moet deurgaan, alleen maar sulke bedroewende resultate oplewer soos wat ons dit nou by die fariseërs sien, dan vra ek tog vir elkeen met gesonde verstand of dit dan nog so moeilik is om alle geloof, aan watter soort goddelike openbaring en voorsienigheid dan ookal, maar op te gee!?

[14] Wat jy hier oor die groot Verlosser gesê het, is onteenseglik waar, en dit is moontlik dat Sy leer ook met `n beter resultaat bekroon word as alle godsdienste tot op hede. Maar ek sou oor vyfhonderd jaar met my huidige bewussyn wel eers wou sien en belewe hoe hierdie nuwe leer dan oor die algemeen geneem, sal lyk, vooropgestel dat die daadwerklike navolg daarvan, net soos by alle vroeëre, afhanklik is van die vrye wil van die mense!

[15] As daar in die begin slegs één leier aan die hoof staan, sal dit oor duisend jaar wemel van sulke leiers, wat by die bring van hierdie suiwer leer hul buik nie sal vergeet nie! - Sê my eers, of ek met my visie so veel misgetas het soos wat jy voorheen gesê het!"

### *Die goddelike orde en ons aardse verstand*

**64** **Hebram** sê: "Ja en nee! Volgens die gedagtegang van `n mens van hierdie aarde het jy na my mening seker wel gelyk, maar uit suiwer goddelike standpunt gesien, het jy baie ongelyk en is jy dus tog op `n dwaalspoor, want Elohim se planne lyk heel anders as die van ons. Kyk, as ons die sterre aan die hemele sou geplaas het, sou ons dit seker reëlmatiger verdeel het. Maar Elohim, die Almagtige, het dit daarenteen as `n warhoop van liggies aangebring! Waarom het hy die manier verkies?

[2] Bekyk die gras op die velde eers en sien dan hoe die kruie daar deurmekaar heen staan! Waarom is daar geen orde waaraan ons simmetriese gevoel `n wiskundige plesier sou kon hê nie?! Oral waarheen jy jou sintuie kan en wil wend, sal jy by al die geskapene baie meer chaotiese, as op simmetriese wyse geordende sake aantref! En tog moet die Skepper ook `n juiste begrip van die simmetrie hê, want daarvoor vind ons allereers in ons menselike vorm al die oortuigende, duidelik aantoonbare bewyse. Maar as die goeie Skepper sekerlik in staat is om in één opsig die grootste simmetrie te handhaaf, egter andersyds nie die minste rekening daarmee skyn te hou nie, dan moet vir ons, stofwurms, `n totaal onbekende rede daaragter verskuil lê wat maak dat die Skepper aan die een kant die grootste simmetrie, en aan die ander kant die absolute teendeel daarvan aanwend! Waarom is die een jaar dan nie gelyk aan die ander nie, waarom nie die een dag net soos die ander nie?

[3] Kyk, as jy die sake so beskou, moet die sogenaamde simmetriese gesonde menseverstand baie vind wat dit met die behoorlike skerpte van sy heldere verstand sou kon kritiseer. Maar dan kom die groot Meester Self en sê: 'Skoenmaker, jy kan slegs oordeel sover as jou lees strek - maar nie hoër nie!'

[4] Soos wat ons nou in Elohim se groot skepping oral sien dat `n skynbaar ongelooflike, chaotiese wanorde verbonde is met die grootste orde, so sien ek dit ook by die verskillende openbarings van Elohim aan die mense van hierdie aarde. Hy, as die enige Skepper, weet die beste wat vir die verskillende tye en vir die verskillende volke die mees geskikte is vir hul geestelike ontwikkeling.

[5] Hy het sekerlik heel wyse redes daarvoor om met verloop van tyd `n eens gegewe leer net so te laat verwelk soos die tallose kruie en blomme op aarde. Maar die saad wat hom uit die blom ontwikkel, net soos die suiwer, lewende waarheid, verwelk nie, maar leef altyd voort.

[6] As ons egter sien dat die Skepper by al die aan ons bekende, lewe-draende dinge al die tydelik benodigde, en mooie uiterlike na verloop van tyd laat vergaan en uiteindelik alle sorg bestee aan die ontwikkeling van die innerlike lewe, moet ons onsself dan verbaas as ons dit ook sien gebeur met die openbarings?

[7] Sonder `n aardse gesproke woord kan `n nog so `n suiwer leer ons nie bereik nie. Die gesproke woord is egter stoflik en moet uiteindelik wegval as die innerlike, suiwer gees hom ontwikkel het. En so gaan met die verloop van die tye met die uiterlike godsdienste ook die uiterlike glans altyd oor in iets bedenklikers, maar in die plek daarvan ontwikkel daar op die agtergrond stadig maar seker `n suiwer, geestelike krag en waarheid van `n vroeëre openbaring van Elohim aan die mense. - Is dit nie so nie, vriend Risa?"

[8] **Risa** sê: "Broer Hebram, ek bewonder jou! By Elohim, jy het nou met jou besondere wyse woorde my hele manier van denke verander, en daarvoor is ek jou werklik dankbaar! Dit is soos wat jy dit nou vir my uitgelê het. Hoe ek ookal daaroor nadink, word die geheel nou vir my steeds duideliker! Kortom, jy het alle opsigte my verstand gewen! Daarvoor is ek jou baie dank verskuldig. "